Rapport sê:

Werk op tyd maak welbereid

Suid-Afrika het soveel probleme wat onmiddellike aandag verg - dink aan die Zuptas, 'n sukkelende ekonomie, sluimerende en nie-so-sluimerende rassisme, misdaad en vele meer - dat ons dikwels gewoon nie tyd het om enigsins aandag te gee aan dié probleme wat nog agter die horison vir ons lê en wag nie.

Die skokkende verslag wat die afgelope week deur Statistieke Suid-Afrika uitgereik is, en waaroor ons vandag op bl. 5 berig, oor die posisie van Suid-Afrika se jong mense, is egter 'n tydige herinnering dat dit onverantwoordelik sal wees om net op die land se huidige probleme te fokus.

Volgens dié verslag is meer as die helfte van die land se jong mense van werkende ouderdom werkloos.

Die verslag wys ook dat jong mense meer geneig is om in armoede te leef as ouer mense, meer onder misdaad deurloop en meer misdaad pleeg.

Die feit dat meer as 'n halfmiljoen jong mense jaarliks hulle skoolopleiding staak voordat hulle eens in matriek kom, is maar net een van vele faktore wat tot die probleem bydra.

Soos Theo Venter, politieke ontleder verbonde aan die Noordwes-Universiteit, dit tereg stel: "(Syfers soos hierdie) behoort vir ons 'n rooi vlag te wees. Die jeug is mismoedig en uitsigloos. Hulle sien dit gaan beter met die mense rondom hulle en hulle raak ongeduldig."

"Die uitdagings wat ons jeug beleef, is soos 'n kruitvat en ons besef nie hoe groot die probleem is nie," sê dr. Louise van Rhyn, hoof van 'n program wat skoolhoofde help om die gehalte van onderrig te verbeter.

En wat doen ons aan die probleem?

Gegee die feit dat ons meer van ons begroting aan onderwys bestee as baie ander lande, is sekerlik 'n aanduiding dat die regering die gevaarligte op die horison sien flikker.

Die feit dat 'n beduidende getal matrieks nie eens ordentlik kan lees en skryf nadat hulle 12 jaar op die skoolbanke gesit het nie, illustreer dat die miljoene wat aan onderwys bestee word, nie die resultate lewer waarop 'n mens sou hoop nie.

En onderwys alleen gaan nie die probleme van 'n uitsiglose Suid-Afrikaanse jeug oplos nie - veral nie dié van hulle wat reeds deur 'n patetiese skoolstelsel tot 'n lewe van werkloosheid, of as hulle gelukkig is, halfgeskoolde arbeid, verdoem is nie.

Een van die dinge wat die regering kan doen, en onmiddellik behoort te doen, is om arbeidswetgewing te hersien om dit makliker te maak om werkers in diens te neem en te ontslaan.

'n Te hoë minimum loon is nog 'n maatreël wat dreig om jong mense uit die arbeidsmark te hou.

In plaas daarvan om maatskappye op kreatiewe wyse aan te moedig om meer jong mense in diens te neem - soos om belastingtoegewings aan sulke maatskappye te doen - kan 'n mens van die ANC-regering egter net die teenoorgestelde verwag.

Wat die ANC betref, is sakelui en boere die vyand, mense wat eerder gedreig en gegesel moet word om te handel na 'n sentralistiese party se wense vir ons land.

Dit is geen manier om oor die horison te kyk en die probleme van môre al vandag aan te pak nie.

> Een van die dinge wat die regering behoort te doen, is om dit makliker te maak om werkers in diens te neem en te ontslaan.